# Jan van Riebeeck — 'n Biografiese Skets en Enkele Karaktereienskappe.

Die presiese geboortedatum van Jan van Riebeeck is nie bekend nie. Uit 'n missive wat Van Riebeeck aan die bewindhebbers van die Kompanjie geskryf het, d.d. 5 Maart 1659, kon sy biograaf, dr. E. C. Godeé

**SONDER dat hy daarvan bewus was, het Van Riebeeck 'n volksplanting gestig aan die eens versmaaide suidpunt van Afrika en lewe sy naam nog vandag na drie eeue; en „zo lang Zuid-Afrika zal bestaan wordt Jan van Riebeeck, de stichter, niet vergeten".**

Molsbergen, egter vasstel dat hy „vóór de maand April 1618" 1) te Culemborg gebore is. Sy vader, Anthonij Janszoon van Riebeeck, was volgens familie-oorlewering 'n skeepsbevelhebber, wat uit die aard van sy beroep selde tuis was. Gevolglik het die jonge Van Riebeeck saam met sy moeder by haar vader, Govert Anthoniszoon, burgemeester van die stad Culemborg, gewoon. Die opvoeding wat hy daar in die burgemeesterswoning geniet het, sou dan ook seker aangepas het by die status van sy grootvader. Sy onderwys het hy aan 'n Protestantse skool ontvang; en nadat sy moeder in 1629 oorlede is, het hy nog tot op vyftienjarige leeftyd by sy grootvader bly woon. Jong Van Riebeeck moes aan 'n loopbaan begin dink en, met die hulp van sy grootvader, laat hy hom

**Deur J. S. DU PLESSIS.**

op sestienjarige leeftyd in Amsterdam inskryf by die uiters invloedryke, in ledetal beperkte, „gilde van die barbier-chirurgyns of wondmees-

1) E. C. Godeé Molsbergen: **De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck,** 1618-1677; Amsterdam, 1912; p.7.

ters" 2), om hom as medikus te bekwaam. Hoewel die opleiding as chirurgyn in dié dae, vanuit 'n moderne standpunt beskou, maar swak was, het Van Riebeeck tog die beste opleiding wat in sy tyd moontlik was, ontvang. Dat hy nie 'n swak leerling was nie, blyk uit die feit dat hy binne die bepaalde tyd gekwalifiseer het, d.w.s. na 'n vier- tot vyfjarige opleiding.

Op een-en-twintig-jarige leeftyd het Van Riebeeck besluit om by die Oos-Indiese Kompanjie om 'n betrekking aansoek te doen, en in April 1639 is hy deur die bewindhebbers van die Delftse kamer benoem tot „onderchirurgyn" in diens van die Kompanjie. Reeds op 19 April 1639 het hy aan boord van die skip **Het Hof van Holland** (wat ten bate van die Kamer van Delft gevaar het), in sy nuwe hoedanigheid uit die hawe Goeree vertrek. Hierdie eerste seereis 3) was seker nie van die aangenaamste nie, want om seereise in daardie tyd te onderneem in die vir ons geheel en al primitiewe seilskepies, met al die gevare daaraan verbonde, was beslis geen kinderspeletjies nie. Boonop het die **Het Hof van Holland** op 14 Julie 1639—byna drie maande nadat dit Goeree verlaat het—by Sierra Leone op die Weskus van Afrika op 'n sandbank geloop. Die skipbreukelinge het geen ander keuse gehad as om aan wal te gaan en geduldig op die koms van verbyvarende skepe te wag nie. Wanneer hulle daarvandaan weg is, is nie presies bekend nie. Wat wel bekend is, is dat hulle deur skepe opgelaai is wat Texel op 19 Januarie 1640 verlaat het. Saam met hierdie skepe—Jan van Riebeeck het op die **Zutphen** gevaar—het hulle, seker „innig dankbaar . . . die ongezonde hete kust, ,het graf der blanken', berucht om de koortsen, te kunnen verlaten" 4), die reis na die Ooste voortgesit, waar hulle aan die einde van Julie 1640 te Batawië geland het. Hierdie eerste reis van Van Riebeeck na die Ooste het dus ongeveer vyftien maande geduur. Op die **Zutphen** het hy ook as onderchirurgyn diens gedoen.

Daar bestaan geen gegewens om aan te dui hoe lank Van Riebeeck die mediese professie in die Ooste beoefen het nie. Blykbaar het hy spoedig aan 'n loopbaanverandering begin dink. Sy jaargeld, op 'n moderne basis bereken, het ongeveer £80 bedra, en na alle waarskynlikheid het hy 'n beter toekoms gesien in die administratiewe en handelsorganisasie van die Kompanjie. Van Riebeeck het aansoek gedoen

---

2) C. Louis Leipoldt: **Jan van Riebeeck, die Grondlegger van blanke Suid-Afrika**; Kaapstad, 1938; p.29.

3) Die vermoede bestaan dat Van Riebeeck reeds saam met sy vader seereise onderneem het. Navorsing in dié verband kon egter geen bevestiging vir so 'n vermoede vind nie, en dit lyk baie onwaarskynlik dat hy ooit saam met sy vader was.

4) Godeé Molsbergen, a.w., p.9.

om van sy amp onthef en in 'n ander betrekking aangestel te word. Aan hierdie versoek is blykbaar geredelik voldoen, want in 1642 is hy reeds in die Algemene Kantoor te Batawië werksaam as assistent, waar hy klerklike werk verrig en kennis opgedoen het van die werk in al die vertakkinge van die magtige organisasie van die Kompanjie. Die werk, veral die skryfwerk, was baie en het geweldig veel tyd in beslag geneem, want van alle briewe en dokumente moes met 'n veerpen en in sierlike letters afskrifte gemaak word vir die bewindhebbers. Hierdie werk het vanselfsprekend nie alleen baie inspanning vereis nie maar het ook baie lang ure in beslag geneem, sodat oorwerk dikwels voorgekom het. Van Riebeeck moes 'n getrouwe en bekwame amptenaar gewees het, want in Januarie 1642, en weer in 1643, ontvang hy van die Kompanjie 'n „extra toelage wegens buitengewone diensten" 5).

Bevordering het vir Van Riebeeck nie lank uitgebly nie. In 1642 word hy as sekretaris benoem om die gedeputeerde kommissaris, Pieter Soury, na die koningin van Atjeh, op daardie tydstip een van die sterkste vorste op die Oos-Indiese eilande, te vergesel. Teen die helfte van 1642 het hierdie sending hulle bestemming bereik. Die langdurige onderhandeling, gepaard met die baie seremonies en uitruiling van geskenke, het Van Riebeeck in staat gestel om waardevolle kennis en ondervinding van die Oosterlinge op te doen—iets wat hom later seer goed te pas sou kom. Eers op 26 November was Soury met sy handelsonderhandelinge so ver gevorder dat hy met sy geselskap na Batawië kon vertrek.

Terug in Batawië het Van Riebeeck weer in sy ou betrekking as assistent werksaamhede hervat, maar binne enkele maande, ook op grond van die goeie dienste wat hy tydens die sending na die koningin van Atjeh gelewer het, is hy deur die Kompanjie tot die rang van Onderkoopman bevorder 6). Vir hierdie belangrike taak het hy egter nog nie oor die nodige ervaring beskik nie, en om dié ondervinding op te doen, betree hy 'n nuwe fase in sy lewe.

Die Kompanjie het Van Riebeeck naamlik saam met Opperkoopman Jan van Elseracq na Japan gestuur om aldaar diens te doen in die handelskantoor van die Kompanjie. Dit het in 1643 gebeur. Dat Van Riebeeck teen hierdie tyd al 'n gunstige indruk op die bewindhebbers gemaak het, blyk uit die volgende aanbeveling in die instruksie, d.d. 23 April 1643, wat aan Van Elseracq gegee is, nl.: „om den ondercoopman Jan van Riebeeck voor gerecommandeert te houden, zijnde van goed

---

5) Ibid., p.10.

6) Hierdie rang was aansienlik hoër as die van onderchirurgyn, wat hy oorspronklik beklee het.

naturel, heeft capaciteijt genoegh omme de voorvallende saecken te registreren, maer sagen gaern in den handel wierde gestyleert."7)

Sy Japanse verblyf was 'n ware leerskool vir Van Riebeeck. Aanvanklik wou die onderhandelinge met die Japanners nie vlot nie, omdat moeilikhede met Portugese handelsliede die Japanse regering sku gemaak het om met Westerse volke handel te dryf. Ten spyte van die uitdagende houding van die Japanse regering is die Hollandse handelsbelange stewig gevestig deur taktvolle en geduldige optrede van die kant van Van Elseracq en Van Riebeeck. Somtyds was die situasie vir die kantoorpersoneel baie gevaarlik en uittartend, maar „om den handel verdroeg men veel" 8). Toe Van Riebeeck, na die mening van die bewindhebbers, voldoende ervaring opgedoen het, is hy na die Hollandse handelskantoor in Tonkin gestuur, waar hy in Desember 1644 gearriveer het. Tonkin was 'n baie digbevolkte land, vasalstaat van Sjina, en veral bekend vir die groot hoeveelhede sy wat dit opgelewer het. Aanvanklik het Van Riebeeck ook hier die rang van Onderkoopman beklee, maar toe die bestuurder van die Tonkinse kantoor, Van Brouckhorst 9), Tonkin op 29 Julie 1645 tydelik verlaat het om die verkreë sy na Japan te neem, soos hy elke jaar gedoen het, het Van Riebeeck daar agtergebly as waarnemende opperhoof—'n bewys dat Van Riebeeck reeds of 27-jarige leeftyd geskik geag is om so 'n verantwoordelike betrekking te beklee. Dit spreek ook van vertroue in hom, want dit moet onthou word dat die Kompanjie 'n handelsliggaam was, baie gesteld op sy handelsmonopolie, en geen onbetroubare persoon, wat hulle selfs in die geringste mate in dié monopolie kon aantas, sou ooit in so 'n betrekking gestel gewees het nie. Toe Van Brouckhorst in Desember van dieselfde jaar vanuit Japan in Tonkin teruggekeer het, was hy baie tevrede met wat Van Riebeeck as tydelike hoof van die handelskantoor tydens sy afwesigheid verrig het. Onder baie moeilike omstandighede het dit dikwels gegaan, maar Van Riebeeck het aanhoudend veel ywer aan die dag gelê om die saak van die Kompanjie te dien. Selfs toe die sywewers belet is om die terrein van die Hollandse handelskantoor te betree om hulle ware van die hand te sit, was dit Van Riebeeck wat snags na die huise van die wewers gegaan het om die systowwe te gaan haal.

Beloning vir sy ywer het nie lank uitgebly nie. Tydens Van Brouckhorst se afwesigheid in 1646 het Van Riebeeck weer as waarnemende hoof van die kantoor opgetree. By sy terugkoms op 2 Desember 1646 was Van Brouckhorst weereens baie tevrede met wat sy plaasver-

---

7) Aangehaal deur Godeé Molsbergen, t.a.p., p.20.

8) Godeé Molsbergen, a.w., p.21.

9) Leipoldt skrywe „Van Bronkhorst," kyk sy **Jan van Riebeeck**, p.76.

vanger tot stand gebring het. 'n Heerlike verrassing het op die 28-jarige onderkoopman gewag. Van Brouckhorst het 'n aanvulling van sy instruksies saamgebring: „. . . . Den Ondercoopman Riebeeck die aen Raden van India heeft gepresenteert zich de novo te verbinden 10) ende van haere Ed. pr missive ordre becomen den selven aen te nemen wert alhier tot Coopman gepromoveert te meer met U.E. oordelen den selven door alreeds becomen ervarentht de Compe goede diensten van te verwachten staet soo werd sijn persoon U dan voor sijn tweede bijgevoecht waer voor in Raede sessie sal hebben."11) Hieraan voeg Godeé Molsbergen toe: „Koopman en Secunde! En dat als jongmens van acht en twintig jaar! Van Riebeeck was goed op weg naar de hoge ambten. Menselikerwijze gesproken was die opvolging als Opperhoofd wanneer Van Brouckhorst in 1648 zou vertrekken nu zeker."12) Dat hierdie opvolging Van Riebeeck se onmiddellike ideaal was, ly geen twyfel nie.

Van Brouckhorst het om sy ontslag gevra asook toestemming om na Nederland terug te keer. Die weg vir Van Riebeeck om tot Opperkoopman in Tonkin bevorder te word, was nou oop. Uiteindelik het die antwoord, d.d. 11 Julie 1647, gerig aan die Opperhoof in Japan, van die Raad van Indië gekom: aan Van Brouckhorst is die gevraagde ontslag verleen, en hy kon in 1648 vertrek; maar in dieselfde brief word meegedeel dat die owerheid bevind het dat „eenige (ambtenaren) met Particulieren handel sijn besmeth . . . sijnde den Coopman Riebeecq ende den Ondercoopman Heycop". Hierdie twee persone moes na Batawië teruggestuur word „om haer verdiende straffe te ontfangen" 13).

In Desember 1647 het Van Riebeeck in Batawië aangekom, waar hy vir sy misdryf tereg moes staan. Die vonnis was vir die tyd verbasend lig. Honderd-twee-en-dertig gulde, wat nog as maandgeld aan hom verskuldig was, is gekonfiskeer; hy is ontslaan uit die diens van die Kompanjie en moes na Nederland terugkeer maar met behoud van sy Koopmansrang en maandgeld. Hierdie terugkeer moes vir hom baie swaar geval het, want Tonkin, met al die aanloklike vooruitsigte, het hom nog helder voor die gees gestaan.

Op 4 Januarie 1648 moes koopman Van Riebeeck aan boord van die **Coningh van Polen** van Batawië afskeid neem. Hierdie skip was een van die skepe in die retoervloot van kommandeur Wollebrant Geleijnsen, "extra-ordinary raadt van India ende jongst gewesen praesident in

10) Van Riebeeck se dienstyd, waavoor hy hom oorspronklik verbind het, was verstreke, maar hy het aansoek gedoen om opnuut in diens geneem te word.

11) Aangehaal deur Godeé Molsbergen, a.w., p.42.

12) Godeé Molsbergen, a.w., p.43.

13) Ibid., p.46.

Persia". Geleijnsen het instruksie ontvang om by die Kaap die Goeie Hoop aan te doen om die ware en skipbreukelinge van die aldaar gestrande **Haerlem** op te laai en na Patria oor te bring. Vyf skepe van die vloot is vir die doel aangewys, o.a. ook die een waarop Van Riebeeck hom bevind het.

Die reis was voorspoedig, en teen die helfte van Maart het die vloot die suidpunt van Afrika bereik. Na agttien dae kon die retoervloot weer vertrek, en teen die sin en wil van Geleijnsen en Here XVII, wat wou gesien het dat die skepe na Patria sou deurvaar, is by St. Helena aangedoen, omdat die nodige verversinge, veral vleis, nie aan die Kaap verkry kon word nie. Aan die begin van Augustus het die vloot Nederland bereik.

In Nederland aangekom, het Van Riebeeck dadelik probeer om by die Kompanjie in diens te tree. Onder andere het hy 'n lang memorandum opgestel „om de Bewindhebbers te tonen welk een knap ambtenaar hij was in 't biezonder met betrekking tot Tonkin". Hierdie stuk was getiteld: „Vertoogh, Raeckende ende betreffende ten principalen de jegenwoordige gelegentheijt ende constitutie van des E. Comps importanten proffijt gevenden handel in het Coninghrijck van Toncquin. Advijs gewijse door den Coopman Jan van Riebeeck op volgende maniere bij geschriffte gestelt ende gedirigeert". Hierdie ongedateerde stuk was vir Here XVII van groot waarde, soos blyk uit 'n missive, d.d. 29 Maart 1649, wat hulle na Batawië gestuur het, maar dit het aan Van Riebeeck geen nuwe pos in diens van die Kompanjie besorg nie, sodat hy noodgedwonge na 'n ander werkkring moes uitsien.

Van Riebeeck het hom voorlopig in Amsterdam gevestig. Tydens 'n besoek aan sy familie, wat te Schiedam woonagtig was, waarskynlik afgelê kort na sy aankoms in die vaderland, het hy Maria de la Quellerie ontmoet, met wie hy in Maart 1649 getroud is. Van sy kant was o.a. getuie by die huwelik sy grootvader, oud-burgemeester van Culemborg.

Van Riebeeck was, selfs ná sy huwelik, nie 'n man wat stil tuis kon bly en op 'n betrekking wag nie. Daarvoor was hy 'n man met „een sterk verlangen . . . om kansen te verkennen en te grijpen" 14). Telkens het hy seereise onderneem, o.a. na Groenland en Wes-Indië, en na alle waarskynlikheid was hy ook in Noord-Amerika.

Na lang oorweging het die bewindhebbers besluit om, vanweë verskillende faktore, die moontlikheid te ondersoek van die uitvoering van 'n plan, wat reeds in 1619 bespreek maar weer laat vaar is, nl. die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap. Onderkoopman Leendert Janszen, een van die skipbreukelinge van die **Haerlem**, wat meer as 'n

---

14) Dr. J. Haantjes: **Verkenner in Koopmansland**, p.11.

jaar in Tafelbaai gewoon het, is deur Here XVII versoek om 'n memorandum op te stel oor die moontlikhede wat die Kaap kon bied. Hierdie memorandum is op 26 Julie 1649 aan Here XVII in Amsterdam voorgelê. Dit is mede-onderteken deur Matthys Proot. Theal sê dat Janszen en Proot 'n tydperk van vyf maande in Tafelbaai gewoon het 15). Daar moet egter op gewys word dat Janszen meer as 'n jaar in Tafelbaai vertoef het, want die **Haerlem** het op 25 Maart 1647 in Tafelbaai gestrand, en die skipbreukelinge is eers in April 1648 deur die retoervloot van Geleijnsen aan boord geneem. Vir Theal se bewering dat Proot saam met Janszen aan die Kaap vertoef het, bestaan hoegenaamd geen bewys nie; Theal het dit waarskynlik afgelei van die blote feit dat Proot mede-ondertekenaar van die memorandum was. Navorsingswerk deur Godeé Molsbergen het aan die lig gebring dat die naam van Proot nie voorkom op die „Rolle van personen die tot berginge van Comps Goederen van 't verongelukte Schip Haerlem aen Cabo de Bona Esperance sijn verbleven" 16). Ons kan met vrymoedigheid aanneem dat, indien Proot hom onder die skipbreukelinge bevind het, sy naam wel in die „Rolle van personen" sou voorgekomen het, want hy sou na alle waarskynlikheid 'n belangrike figuur gewees het, anders sou hy nie die memorandum mede-onderteken het en sou die Kompanjie dit ook nie oorweeg het om hom as hoof van die verversingsposbesetting aan die Kaap aan te stel nie. Godeé Molsbergen meen dat Proot waarskynlik 'n passasier was op een van die skepe wat Tafelbaai in dié tyd aangedoen het.

Die Kompanjie het besluit om 'n verversingspos aan die Kaap te stig. Toe het die kwessie van 'n kommandeur ter sprake gekom. Mens sou verwag dat die eer Janszen te beurt sou val, maar „vermoedelik heeft de herinnering aan het zware jaar aan de Tafelbaai Janszen weerhouden aanzoek te doen om de post, hoewel hij billikerwijze als eerste ondertekenaar van de Remonstrantie en wegens zijn bewezen diensten zeker in aanmerking zou zijn gekomen" 17). Blykbaar het Here XVII ook aan Proot gedink as kommandeur, maar „misschien was de informatie over Proot niet gunstig of bedankte hij ervoor met de leiding belast te worden . . . ." 18). Die naam van Proot kom in elk geval nie verder in die geskiedenis voor nie.

Die reise wat Van Riebeeck in diens van ander maatskappye na Groenland en die Wes-Indiese eilande onderneem het, het hom blykbaar geen tevredenheid besorg nie. Hy wou weer graag by die Oos-Indiese

---

15) G. McCall Theal: **History of South Africa, 1652-1795**; Sonnenschein, London; p.2.

16) Godeé Molsbergen, a.w., p.67.

17) Ibid., p.70.

18) Ibid., p.71.

Kompanjie in diens tree, want sy kop het nog steeds na die Ooste gestaan. Reeds tweekeer tevore het hy sy dienste aan Here XVII aangebied, maar elke keer was hy teleurgesteld. Nou egter het hy sy kans gesien, en weer 'n keer nader by die bewindhebbers eerbiediglik om sy dienste aan te bied om na die Kaap te gaan. Wat met hierdie aanbod in sy agterkop omgegaan het, kan alleen afgelei word uit sy latere korrespondensie en versoeke met en aan Here XVII en Batawië vanuit Kaap die Goeie Hoop, nl. dat hy Suid-Afrika wou gebruik as 'n springklip om uiteindelik weer na die Ooste te vertrek. Sy ideaal was om nog lid van die „Raad van India" te word.

Die bewindhebbers wou hom nie sonder meer aanstel nie, blykbaar vanweë die vroeëre vonnis wat hy teen hom gehad het. Derhalwe word eers 'n kommissie, bestaande uit vier persone, aangestel „omme haer t' informeren op den persoon ende compartementen van Jan van Riebeeck sijn dienst de Comp. presenterende omme als opperhooft nae de Cabo de Bona Esperance te gaen ende daervan rapport te doen" 19).

Hierdie komitee het skynbaar geen besware teen Van Riebeeck gevind nie. Hulle het die „Remonstrantie" van Janszen en Proot aan hom voorgelê. Sy kommentaar, wat 'n baie gunstige indruk op die bewindhebbers gemaak het, en wat sekerlik byna alles daartoe bygedra het dat hy uiteindelik die aanstelling gekry het, het die lywige titel gedra: „Nader Consideratie off Bedenkinghe op eenige Poincten der Remonstrantie door Sr. Leendert Jansz., overgelevert wegen 't Project van een Fortresse ende Plantagie te begrijpen den Cabo de boa Esperance ende wes meer aldaer bij tijt ende wijlen ten meesten diensten van de Comp. te verhopen: Gedirigeert aen d'Ed. Heeren Mijn Heeren; de Bewinthebberen van de Generale Vereenigde Nederlantse g'octroijeerde Oost-Indische Comp. ter Camere Amsterdam".

Hy beëindig hierdie stuk van hom deur sy dienste aan die Kompanjie aan te bied en hulle te verseker dat hulle hom in alles kan vertrou en dat hy nie sou nalaat om met Gods bystand alles te doen tot diens van die Kompanjie nie. Ten slotte is sy bede dat God aan hom versigtigheid en verstand mog gee om die Kompanjie só tot hulle tevredenheid te mag dien dat sy rang verhoog kon word, en nadat hy sake aan die Kaap aan die gang gesit het, **vir belangriker werk in Indië gebruik sou kon word** om „aldaer meerder preuven van capitaler diensten te mogen leveren".

Van Riebeeck is as Kommandeur benoem. Volgens die salaris wat hy sou ontvang, het hierdie rang die rang van Opperkoopman ingesluit,

19) Besluit van die Kamer van Amsterdam. 15 Mei 1651. Aangehaal deur Godeé Molsbergen, a.w., p.71.

of was dit ten minste gelykstaande daaraan. 20) As Kommandeur het hy die hoogste gesag aan boord van sy skip verteenwoordig en was hy voorsitter van die Breë Raad. Gewapen met sy instruksies het hy aan boord van sy vlagskip, die **Drommedaris**, vergesel van die **Reijger** en die **Goede Hoop,** op 24 Desember 1651 uit die hawe van Texel na die Kaap vertrek.

„Jan van Riebeeck had reden om verheugd te wezen. Hij was nu weer op weg om zijn suksesvolle loopbaan voort te zetten. Als Koopman was hij uit Batavia in Nederland gekomen, als Opperkoopman verliet hij het. Hij rekende er vast op spoedig in Indië te zullen zijn; en daar was promotie te maken voor wie zijn vak verstond en het de Heren Meesters naar de zin maakte. Zich zelf kennend was Van Riebeeck zeker van sukses. Een van zijn uitingen was: ‚die advancement soeckt sal geen naerstigheijt sparen'. En daarnaar handelde hij" 21).

Was Van Riebeeck ingenome met hierdie nuwe aanstelling van hom? Dr. J. Ploeger skryf as volg: „Jan van Riebeeck het sy opdrag om 'n verversingspos aan die Kaap te stig, nie as 'n belangrike mylpaal op sy pad beskou nie. Hy het die nuwe aanstelling gesien as 'n doel: hoe beter hy hom van sy taak aan die Kaap kon kwyt, hoe spoediger sou die bevordering na die reeds bekende en beminde Indiese geweste volg. So het hy sy werk dus aanvaar as 'n nuwe begin van 'n reeds veelbewoë lewe."22)

Die reis na die Kaap het besonder voorspoedig verloop. Slegs een sterfgeval het voorgekom; slegs eenkeer is seerowers in sig gekry; windstiltes en enkele storms het die reis vertraag, maar op 5 April 1652 kon vanaf die uitkyktoring va die **Drommedaris** gerapporteer word dat land in sig was. Op 6 April het die skepe Tafelbaai binnegevaar en anker uitgegooi. Op Sondag, 7 April, teen die aand, het Van Riebeeck self aan wal gegaan maar weer na sy skip teruggekeer om te oornag. Vanaf Maandag, 8 April, is in alle erns begin met dielndingswerk.

Van Riebeeck het die program wat hy ten uitvoer moes bring, in alle erns aangepak, vasbeslote om dit so gou moontlik af te handel om na Indië te kan vertrek. Hoe eerder hy kon wegkom, hoe beter sou dit wees.

---

20) In dié verband maak Godeé Molsbergen die volgende opmerking: „In het Dagverhaal (van Van Riebeeck) staat herhaaldelik Opperkoopman, bv. 9, 11, 20 April 1652. Van Riebeeck had dit niet durven doen in stukken die Heren Bewindhebbers onder de ogen kwamen, als de titel niet juist was geweest. Ook staat het in de Resoluties."—**Jan van Riebeeck,** p.72, voetnoot 1.

21) Godeé Molsbergen, a.w., p.73.

22) Dr. J. Ploeger: „Jan van Riebeeck en sy Stigtingsjare" (A. J. H. van der Walt, e.a.: **Geskiedenis van Suid-Afrika,** deel I, p. 54.)

Slegs elf dae na sy aankoms aan die Kaap stuur hy met die **Salamander** 'n brief aan die Bewindhebbers waarin hy om sy „verlossing" 23) vra en verder versoek om na Indie gestuur te word. Uit sy verdere briefwisseling is dit baie duidelik dat hy nie langer aan die Kaap wou bly as wat nodig was om aan die instruksies van die Bewindhebbers uitvoering te gee nie. Van Riebeeck het gemeen om teen die einde van 1652 antwoord op hierdie brief te ontvang. Teen dié tyd, so het hy verder gemeen, sou hy ten volle aan sy instruksies met betrekking tot die Kaap voldoen hê en dus na Indie gestuur kon word. Maar ook hier was die geskiedenis nie die resultaat van menslike berekening nie. Tien jaar—vir Van Riebeeck tien lange jare—sou hy aan die Kaap moes bly alvorens die so lang begeerde bevordering sou kom; tien lange jare, vol van moeite en verdriet; tien jare waarin hy gedurig die so dikwels onregverdige kritiek van Here XVII moes aanhoor en verdra, maar ook tien jare waarin Van Riebeeck weereens getoon het dat hy 'n konsensieuse en pligsgetroue, vlytige amptenaar van die Kompanjie was; tien jare, waarin Van Riebeeck, hoewel nie doelbewus nie, 'n volksplanting aan die suidpunt van Afrika in die lewe geroep het, wat sou uitgroei tot 'n volk met 'n eie nasionale lewe, 'n eie Christelike karakter, 'n eie lewens- en wêreldbeskouing; 'n volk wat na driehonderd jaar reeds sy plek in die internasionale wêreld ingeneem het.

Op 12 Augustus 1660 is uiteindelik die herhaalde versoeke van Van Riebeeck om nog 'n paar jaar in Indië te mag dien, toegestaan, maar hy kon eers op 7 Mei 1662 vertrek, omdat sy opvolger, Gerrit van Harn, op weg na die Kaap oorlede is en gewag moes word op 'n nuwe aanstelling en die aankoms van die nuwe Kommandeur, Zacharias Wagenaar. Op 6 Julie 1662 het Van Riebeeck met sy gesin in Batawië aangekom, en eers twee maande later word hy benoem as lid van die Raad van Justisie, wat op een na die liggaam met die hoogste gesag in Indië was. Sès dae later, op 18 September, word hy egter benoem as Kommandeur en President van die Kompanjie se handelspos in Malakka. Op 2 November 1664 is sy

23) Hoe moet hierdie woord verstaan word? Seker in die goeie sin van die woord, nl. ontheffing van pligte, en nie wat gewoonlik daaronder verstaan word nie. Toe Van Brouckhorst in 1647 om ontslag gevra het, het die Bewindhebbers as volg geantwoord: :„Het versoeck van St. Brouckhorst wegens sijn demissie om naer 't vaderland te vertrekken hebben gesien, ende in achtinge genomen, mitsgaders hem sulcx gunstelijck toegestaen, gelijck doen bij desen, wel verstaende het toecomen(de) jaer, met welcke gelegentheijt sich van sijn **verlossinge** mach verseeckeren . . ." (Deur my gekursiveer). Aangehaal deur Godeé Molsbergen: **Jan van Riebeeck,** p.46.

vrou oorlede. Sy twee seuns, Lambertus en Abraham 24), op hierdie tydstip onderskeidelik 13 en 11 jaar oud, was in Amsterdam. Van Riebeeck het 'n maand na die oorlye van sy vrou gevra om na sy liewe vaderland en sy twee seuns te mag terugkeer. Hierdie versoek is toegestaan, en op 14 Oktober 1665 het hy vanuit Malakka vertrek. In Batawië moes hy wag op die vertrek van die retoervloot van 1666, maar onderwyl hy wag, is 'n nuwe betrekking hom aangebied, nl. Sekretaris van die Goewerneur-generaal en Rade van Nederlands-Indië. Hierdie betrekking het hy aanvaar en daarin gebly tot sy dood in 1677. Twee jaar an sy eerste vrou se dood is hy weer getroud met Maria Isaacks Scipio van Alkmaar.

Op 18 Januarie 1677, in die oggend, is Jan van Riebeeck oorlede. Hy het 'n veelbewoë loopbaan gehad. Hy het veel tot stand gebring. Sonder dat hy daarvan bewus was, het hy 'n volksplanting gestig aan die eens versmaaide suidpunt van Afrika en lewe sy naam nog vandag na drie eeue; en „zo lang Zuid-Afrika zal bestaan wordt Jan van Riebeeck, de stichter, niet vergeten!" 25).

Ten opsigte van Van Riebeeck en sy optrede aan die Kaap het al heelwat meningsverskil bestaan en word daar in sommige geskiedeniswerke heeltemal 'n skewe voorstelling van die volksplanter gegee. Dit is nie ons doel om hier 'n uitvoerige karaktertekening van Van Riebeeck te gee nie, maar slegs om ons by 'n paar aspekte van sy optrede en sy persoon te bepaal vanweë genoemde onjuiste voorstellings wat in die verlede van hom gegee is.

Die eerste werk wat oor Van Riebeeck gehandel het, was dié van George McCall Theal 26), die grondlegger van die Suid-Afrikaanse historiografie. Hoewel hierdie werk nie spesiaal oor Van Riebeeck handel nie, word tog 129 bladsye aan hom en sy bewindstydperk aan die Kaap gewy. Die beeld wat Theal van Van Riebeeck gee, is egter nie baie suiwer nie—waarskynlik omdat Theal nie behoorlike insae in al die betrokke dokumente gehad het nie en/of verkeerde interpretasie gegee het van die wat hy wel geraadpleeg het. Gelukkig is daar ook in dié ver-

---

24) Abraham is aan die Kaap gebore. Hy het later goewerneur-generaal van Wes-Indië geword. Hy was die eerste persoon wat op Suid-Afrikaanse bodem gebore is wat so 'n hoë betrekking beklee het. Die tweede een ná hom was die vorige goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, maj. G. Brand van Zyl.

25) Godeé Molsbergen: **Jan van Riebeeck**, p.192.

26) **History of South Africa under the Administration of the Dutch East India Company (1652-1795)**; London, Sonnenschein en Co., 1897. Die eerste uitgawe van die werk het reeds in 1892 by Allen & Unwin in Londen verskyn.

band ander navorsingswerk verrig, sodat ons vandag in staat is om Theal se dwalinge te herken en tot beter insigte te kom.

Theal stel Van Riebeeck aan sy lesers voor as 'n skeepsdokter, maar hy voeg daaraan toe: „A ship's surgeon of those days was required to possess some skill in dressing wounds and to have a slight knowledge of medicine, but was not educated as a physician as now. Very often a copying clerk or a soldier, with no other training than that of an assistant in a hospital, if he had aptitude for the duties of a surgeon, was promoted to the office. Mr. van Riebeeck was of this class . . ."27)

Hierdie bewering is nie korrek nie. Ons het reeds hierbo daarvan melding gemaak dat Van Riebeeck as chirurgyn die beste opleiding moontlik deurgemaak het. Leipoldt, wat 'n baie intensiewe ondersoek na Van Riebeeck se opvoeding en opleiding ingestel het, wy etlike bladsye aan sy opleiding as chirurgyn. Wat so 'n leerling moes doen, kom duidelik aan die lig in die volgende opsomming wat Haantjes gee van die opleiding en eksamen wat 'n aspirant-chirurgyn ontvang en afgelê het: „Jan van Riebeeck werd dus leerling van een der Amsterdamse chirurgyns; hij trok er met zijn meester op uit als deze zijn patiënten ging bezoeken, bood hem de helpende hand en keek hem onderwijl de kunst af; de theoretische kennis die hij daarnaast nodig had, moest hij zich, zonder verdere leiding 28), uit enkele niet al te goede leerboeken eigen maken. Na ongeveer drie jaar 29) moest hij een examen afleggen dat het gehele veld der toenmalige wetenschap bestreek en daarom enkele dagen duurde. Hij moest sectie verrichten op een lijk, een schedel openen, zieken verbinden, ettelijke vragen beantwoorden over wonden, zweren en gezwellen, over ontwrichtingen en beenbreuken, over verbandleer en het juist gebruik der instrumenten. Ook moest hij drie lancetten overleggen die door hemzelf geslepen waren" 30).

Wanneer hierdie eksamen afgelê is, kon enige lid van die gilde teenwoordig wees en vrae stel. Uit hierdie kort opsomming blyk dus dat die opleiding gebrekkig was as dit met hedendaagse mediese opleiding vergelyk word, maar vir die 17de eeu was dit alles behalwe gebrekkig. Dit was inderdaad so volledig as wat 'n chirurgyn maar kon dink om te verkry. Wat wel waar is, is dat hy nie 'n ten volle opgeleide medikus was nie. Daarvoor sou hy na Padua moes gegaan het om 'n graad in die medisyne te behaal.

Die hierbo genoemde aanhaling uit Theal se werk hou egter ook nog 'n verdere implikasie in, nl. dat Van Riebeeck 'n man van geringe

27) Theal, a.w., p.6.
28) Leipoldt praat van voorlesinge bywoon. Kyk a.w., p.30.
29) Leipoldt beweer 5 jaar.
30) Dr. J. Haantjies, a.w., p.12.

afkoms was. Hierdie indruk wat Theal skep, word nog verder versterk wanneer hy Van Riebeeck voorstel as 'n ruwe, ongekultiveerde persoon: „No better officer indeed could have been selected for the task that was to be taken in hand (nl. aan die Kaap), where culture and refinement would have been out of place" 31). Maar nog 'n droewiger beeld word die leser deur Theal voorgehou: „He was inclined to be tyrannical, and, as is not unusual with men who rises above the rank in which they are born, he treated with contempt the class from which he sprang whenever he could do so with impunity" 32).

Uit wat hierbo vermeld is van Van Riebeeck se afkoms van vaders- en moederskant, kan egter afgelei word dat sy afkoms nie so gering was as wat Theal beweer nie. Die geslag waaruit Van Riebeeck gestam het, was 'n ou gesiene geslag in Nederland. Die oorspronklike woonplek van die Van Riebeecks was Wijk by Duurstede, 'n bloeiende stad gedurende die Middeleeue. Reeds so vroeg as 1388 kom die naam van 'n sekere Jan van Riebeeck, en later die name van ander lede van die Van Riebeeck-geslag, voor as burgemeesters van die stad. Verder blyk dit ook dat die Van Riebeeck-familie verwant was aan ander gesiene families, w.o. die Van Zuijlens en die Van Beaumonts. Die Van Riebeecks was 'n welgestelde geslag wat op 'n familiewapen geregtig was. Die wapen het bestaan uit drie goue ringe op 'n rooi agtergrond, met daarbo 'n arm wat 'n goue ring in die hand hou. Hierdie skild is in 1804 op 'n anker op goue grond as die wapen van Kaapstad aangeneem. Dat hy ru en ongekultiveerd was, kan nie sommer so vanselfsprekend aangeneem word nie, veral as in aanmerking geneem word dat hy tot sy vyftiende jaar in die burgemeesterswoning van sy grootvader opgegroei het en gevolglik 'n opvoeding wat by die stand gepas het, moes geniet het. Dit is ook baie moeilik om te begryp dat 'n man met so 'n geringe opvoeding en sulke ruwe maniere die agting en guns sou kon wen van 'n welopgevoede en verfynde dame soos Marie de la Quellerie. Van die feit dat Jan van Riebeeck, tydens sy eerste verblyf in die Ooste, en op so 'n jeugdige ouderdom, ingesluit is in die personeel op belangrike sendings, en dat belangrike opdragte en poste aan hom toevertrou was, kan met sekerheid afgelei word dat hy sekerlik geen man van geringe beskawing was nie. Selfs ook die feit dat hy ná sy vertrek uit die Kaap met sulke hoë aanstellings in die Ooste vereer is, bewys dat hy in die oë van die Kompanjie 'n aansienlike persoon moes gewees het. Verder word gevind dat Van Riebeeck geroem word vanweë sy veelsydigheid van kennis, en dit is

31) Theal, a.w., p.6.
32) Theal, a.w., p.128.

baie opmerklik dat geleerde besoekers aan die Kaap baie in hulle skik was met die hulp wat hulle van Van Riebeeck ontvang het.

Theal beweer dat Van Riebeeck „was inclined to be tyrannical". Ook hierdie bewering kan nie deur ons onderskryf word nie. Op watter gegewens Theal sy uitspraak gebaseer het, is nie duidelik nie. Die skynbare verklaring vir hierdie dwaling van die andersins so noukeurige geskiedvorser en -skrywer is dat hy die ongelukkige fout begaan het om die toepassing en die handhawing van 'n strenge tug met tirannie te verwar. Dit moet onthou word dat Van Riebeeck met heelparty mense van die 17de-eeuse soldatetipe te doen gehad het en dat hulle boonop in 'n klein beperkte kringetjie in 'n onbeskaafde en afgsonderde gebied kom woon het, waar net gewerk moes word. Dit kan verstaan word dat die Kommandeur, begerig om sake so gou moontlik in orde te bring, hierdie mense aangevuur het tot groter kragsinspanning, veral as in aanmerking geneem word dat „velen waren zoo lui en onbekwaam, dat ze in 1653 uit Compagniesdienst ontslagen en naar Nederland gezonden werden" 33). Oor die algemeen was die tipe persoon wat as arbeiders in Kompanjiesdiens gebruik is, nie altyd van 'n hoogstaande klas nie. Toestande was nie van die beste gedurende die eerste jare van die volksplanting nie, en ontevredenheid—somtyds kwaadwillige ontevredenheid—kon nie voorkom word nie. Die volksplanters het egter in Van Riebeeck 'n persoon gevind wat die tug kon handhaaf sonder om ooit onredelik te wees. Sy optrede was oor die algemeen simpatiek, en hy het sy ondergeskiktes nie met minagting behandel nie. Een feit spreek daarvoor: hy het selfs ingewillig om by die doop van kinders as peetvader op te tree.

Wel moes Van Riebeeck enkele kere baie swaar strawwe oplê. Dit was beslis nodig, soos blyk uit 'n noukeurige studie van die 17de-eeuse gewoontes, toestande, gebruike en wette. Dikwels egter het hy ook weer strawwe versag en vonnisse gedeeltelik verminder. Die handhawing van 'n gesonde en strenge tug was nogal 'n gewigtige saak, en as Van Riebeeck nie geweet het hoe om sy gesag te handhaaf nie, sou die vestiging aan die suidpunt van Afrika seker geen toekoms tegemoet gegaan het nie.

Theal noem nog 'n ander karaktertrek van Van Riebeeck: „He was religious after the fashion of his day, but his religion did not prevent him from acting falsely and treacherously whenever there was any immediate gain to the Company to be made by a falsehood or a treacherous act."34) Theal baseer hierdie uitspraak op wat Van Riebeeck self aangeteken het van 'n vals boodskap wat hy op een stadium aan die Hottentotte gestuur

33) Godeé Molsbergen, a.w., pp. 82-83.
34) Theal, a.w., p.128.

het; op 'n ander keer, so teken hy aan, het hy 'n belofte gedoen sonder enige voornemens om dit na te kom; somtyds het hy die Hottentotte bedrieg e.d.m. Die voorbeelde, hier aangehaal, bevat almal waarheid, en sodanige dade kan beslis nie goedgekeur en goedgepraat word nie. Tog moet ons baie versigtig wees as ons op grond daarvan Van Riebeeck se karakter wil bepaal. Dit moet goed in gedagte gehou word dat ons hier met die 17de eeu te doen het, en wat Van Riebeeck gedoen het, was dinge wat oral algemeen voorgekom het. Die feit dat hy nie geskroom het om in sy amptelike geskrifte daarvan melding te maak nie, sowel as die feit dat nie een van die hoëre outoriteite hom ooit daaroor berispe het nie, bewys dat selfs die hoë gesagvoerders, wat sekerlik respektabele persone was, dit nie in 'n ernstige lig beskou het nie. Op grond van uitgebreide navorsing in verband met Van Riebeeck is dit baie duidelik dat sy persoonlike gedrag en wandel onberispelik was. As sy godsdiens so oppervlakkig was, soos Theal wil beweer, is dit ook byna ondenkbaar dat hy sy ondergeskiktes, op gevaar van gestraf te word, verplig het om ten minste een diens per Sondag by te woon.

Theal sluit sy opsomming van die karaktertrekke van Van Riebeeck af met hierdie woorde: „In addition to these remarks upon the most prominent features of his character, it may be added that the first Commander was a man of no great delicacy of feeling, and that in refinement of mind he compared unfavourably with most of his successors" 35). Iemand wat die geskiedenis ken, hoef hierdie woorde egter nie te ernstig op te neem nie.

Van Riebeeck het 'n oneindig moeilike taak gehad, maar deur die krag en genade wat hy ontvang het, het hy sy taak volvoer—ja, het hy meer gedoen as wat deur mense hom opgelê is. Hy het na die Kaap gekom om 'n verversingspos te kom stig; hy het die land tien jaar later verlaat as die stigter van 'n kolonie en permanente volksplanting. Hy het vir homself 'n naam verwerf—tesame met diegene wat hom so getrou bygestaan het—'n naam wat nie in die vergetelheid sal raak nie. Sy stigting—Suid-Afrika—het van hom 'n groot man gemaak, 'n man wat „gereken kan word onder ons volkshelde, as een wat sonder verlies van aansien kan staan in die gelid van groot manne wat iets vir Suid-Afrika en vir die mensheid gedoen het" 36).

---

35) Ibid. p.129.
36) Leipoldt, a.w. p.257.